
# UITNODIGING




Hiermee word jy vriendelik uitgenooi na 'n populêre lesing aangebied deur die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans aan die Universiteit van die Vrystaat.

EERSTE lesing in 2025: Poësie as 'n vorm van egodokumentasie: Die ontstaan van *Stil gesprek.*

Spreker: Prof. Jannie Pretorius, Fakulteit Opvoedkunde, Universiteit van die Vrystaat.

Die lesing ondersoek hoe poësie as 'n vorm van egodokumentasie funksioneer, waarin die digter se persoonlike voorkeure, ervarings en gedagtes na vore kom. Die ontstaan van *Stil gesprek* ('n bundel ekfrastiese gedigte) sal bespreek word, met spesifieke verwysing na die rol van die digter se ego in die proses. Die drie resensies van *Stil gesprek* en die gebeure wat daaruit voortgespruit het, sal kortliks bespreek en vir algemene bespreking oopgestel word.

Jannie Pretorius was vanaf 1988-2006 'n Biologie-onderwyser by drie Vrystaatse hoërskole. In 2007 is hy as dosent in Opvoedkunde by die Universiteit van die Vrystaat aangestel. Agt-en-twintig van sy akademiese artikels – in Afrikaans en Engels – is oor die jare gepubliseer en in 2021 is hy tot medeprofessor bevorder. Sy debuutdigbundel, *Stil gesprek,* is in 2024 deur Naledi gepubliseer.

Bevestig asseblief teen 24 Maart 2025 indien tolkdienste benodig word (e-pos aan BangoPJ@ufs.ac.za).

**Datum:** Vrydag 28 Maart 2025
**Tyd:** 11:00-12:00
**Plek:** FGG201
**RSVP:** **Maandag 24 Maart 2025 by BangoPJ@ufs.ac.za**